

SIYATHEMBA MUNICIPALITY



WYKSKOMITEE BELEID

WYKSKOMITEES BELEID

VOORWOORD

Hierdie beleid poog om uitvoering te gee aan seksie 152 (1) b en e van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika asook

Seksie 73 van die Wet op Munisipale Strukture (Wet 117 van 1998) wat bepaal: " dat die gemeenskap deelneem aan die werksaamhede van die Munisipaliteit en dat strukture gevestig word om publieke deelname te verseker en uit te brei.

Die beleid sal van tyd tot tyd aangepas word na oorlegpleging met die publiek.

INTERPRETASIE

- "Wykskomitee" beteken 'n wykskomitee soos beskryf in seksie 23 van die wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 [Wet no. 17 van 1998].
- "Die Wet" beteken Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet no. 17 van 1998)
- "Die Raad" beteken die Munisipale Raad van die Munisipaliteit Siyathemba.
- "Die Burgemeester" beteken die Speaker van die Munisipale Raad van die Munisipaliteit Siyathemba.
- "Minister" beteken die nasionale Minister verantwoordelik vir Plaaslike Regering.

1. TERMYN:

- Die termyn van die wykskomitees begin op die dag wat volg op die datum aangekondig deur die Minister vir 2011 verkiesing vir Plaaslike Regering .
- Die termyn sal vir die tydperk tot die volgende verkiesing vir Plaaslike Regering strek.
- In terme van die Plaaslike Regering Munisipale Regulasies vir die Termyn vir Wykskomiteeleders, 2009 funksioneer Wykskomitees tot op die datum soos aangedui in regulasie 1 van die Regulasies.
- Die Raad besluit, deur 'n resoluëie, na die verval van die termyn, vir hoe lank die komitee funksioneel bly.

2. SAMESTELLING

1. Daar sal 'n wykskomitee vir elke wyk verkies word.

2. Elke wykskomitee sal uit 10 (tien) lede bestaan plus die verkose wyksraadslid.

{Vir wyke 3 en 4: Proporsioneel tot die aantal geregistreerde kiesers

- Marydale: 8 en Prieska 2 lede

- Niekerkshoop 9 lede en Prieska 1lid}

3.Die wyksraadslid is die voorsitter van die komitee.

4.Daar sal gepoog word om 'n verskeidenheid belange uit die publiek by die komitee te betrek,bv.:

- Vroue groeperinge
- Gestremdes
- Jeuggroepe
- Kerkgenootskappe
- Georganiseerde sport
- Georganiseerde arbeid
- Georganiseerde Besigheid
- Georganiseerde Landbou
- Nie-Regeringsorganisasies
- Gemeenskapsgebaseerde Organisasies
- Opkomende Boere groeperinge
- Opkomende Mynergroeperinge

5.Raadslede verkies volgens proporsionele verteenwoordiging het sitting op die wykskomitee, maar geen stemreg nie.

3 VERKIESING VAN KOMITEELEDE

1.Die verkiesing sal plaasvind binne 14(veertien)dae nadat raadslede na die Plaaslike

Owerheidsverkiesing ingehuldig is.

2.Kennisgewings sal 7(sewe)dae voor die beplande datum aan belangegroepes gepos en in die

Munisipale gebied geadverteer word.

3 Belangegroepes, wat op die databasis van die Munisipaliteit verskyn, kan nominasies vooraf

skriftelik indien.

4.Die verkiesing sal tydens 'n wyksvergadering afgehandel word en die kworum sal minstens 100

(eenhonderd)geregistreerde kiesers uit die wyk wees.

5.Om te staan as wykskomiteelid moet 'n persoon 'n geregistreerde kieser in die wyk wees,

geen geld aan die Munisipaliteit skuld nie (of aanvaarbare reëlings getref het) en 'n verbruiker

van dienste wees.

6. Op die eerste vergadering word subkomitees en 'n Bestuur bestaande uit die Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris en Hulpsekretaris verkies.

4 WERKSWYSE

1. Die wykskomitee sal ten minste 1(een) maal per maand vergader en notules van die vergadering sal aan die Munisipale Raad voorgelê word.
2. By die vergadering doen subkomitees skriftelik verslag oor hul werksaamhede vir die tydperk.
3. Daar word ook beplanning gedoen vir die insameling van inligting oor die stand in die wyk oor sake soos:
 - Aantal kiesers en gesingrootte per huishouding
 - Armoede
 - Inkomste per huishouding
 - Deur tot deur besoeke afgelê
 - Programme in plek gestel
 - Die behoeftes binne die wyk
 - Gevoel van die inwoners sover dit dienslewering betref
4. 'n Lid wat 3(drie) agtereenvolgende vergaderings nie bywoon nie, hou op om lid van die wykskomitee te wees.
5. Die komitee sal 1(een) maal elke drie maande 'n wyksvergadering met die gemeenskap hou.
6. By die vergadering word terugvoering gegee oor probleme geopper deur die gemeenskap.
7. Notule word geneem en aan die Raad voorgelê.
8. Opnames en straatkaarte sal weekliks by die koördineerder ingehandig word.

5. BYDRAE VAN MUNISIPALITEIT

1. Die munisipaliteit sal jaarliks begroot om die wykskomitee te ondersteun.
2. Die munisipaliteit sal sy geriewe en toerusting soos tikmasjiene, faksmasjiene en kopieerders beskikbaar stel vir gebruik deur die wykskomitee om sy werk te doen.
3. Die Munisipaliteit sal verder begroot vir die betaling van honoraria aan lede om te vergoed vir uitgawes wat lede noodgedwonge moet aangaan in die uitvoering van hul pligte. Dié bedrag sal wees R1000,00 per komiteelid per maand en word as volg toegewys:

VERVOER : R0,00

TELEFOON: R200,00(lugtyd)

Uitgawes : R800,00

4.Die Munisipaliteit sal deur die aangewese Koördineerder die werksaamhede van die komitees monitor,leiding gee en opleidingsgeleenthede reël.

5.Daar sal slegs uitbetalings gemaak word nadat die Koördineerder ,n aanbeveling gemaak het.

6.WIE IS VERKIESBAAR?

6.1. Geregistreerde kiesers in 'n wyk

6.2.Persone wat nie in 'n vaste werk staan nie

6.3. Persone moet in die wyk woonagtig wees

6.4. Persone mag nie in die Uitvoerende Komitee van enige politieke party dien nie

6.5.Persone moet ingevolge die Nasionale Kieswet as kiesers kwalifiseer.

6.6.Persone wat geen gelde aan die Munisipaliteit skuld nie,(of aanvaarbare reëlins getref het, vir die betaling van skulde).

7.DISSIPLINE

7.1.Komitee lede wat die aangehegte Gedragskode vir Wykskomitee lede verbreek sal na ondersoek en verhoor deur die Raad van hul besluit ingelig word.

7.2. Dié besluit kan wees:

- Skorsing as Komiteelid vir 'n bepaalde tydperk
- Totale ontslag as komiteelid

7.3.In albei gevalle sal die lid sy selfoon inhandig en verbeur hy/sy alle voorregte as Komiteelid.

8.VAKATURES:

8.1. Indien 'n lid bedank ,verhuis of ,gedurende sy/haar termyn,te sterwe kom sal daar onmiddelik na die daaropvolgende Maandvergadering 'n lid tydens 'n openbare wyksvergadering gehou verkies word.

9.ONTBINDING

Hierdie Komitee kan net deur 'n besluit van die Raad ontbind word, nadat voldoende kennis gegee is, indien die komitee nie sy pligte effektief vervul nie.

GEDRAGSKODE VIR WYKSKOMITEELEDE

VOORWOORD

Wykskomiteelede word verkies om die gemeenskap binne 'n afgebakende wyk te verteenwoordig. Komiteelede is verantwoordelik om toe te sien dat:

- Die behoeftes van die gemeenskap onder die aandag van die Munisipaliteit bring
- Voorstelle maak om dié behoeftes te bevredig
- Verslag doen aan die Gemeenskap, ten minste 3 maandeliks.

Die gedragskode het ten doel om uitvoering te gee aan seksie 152 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

VERGADERINGS

1.BYWONING

Elke komiteelid moet elke vergadering van die komitee bywoon, behalwe wanneer:

- 'n skriftelike verskoning ingedien en verlof toegestaan is
- Die lid ingevolge dié Kode hom/haar moet verskoon

2.DISSIPLINE

Die Raad kan stappe neem soos bepaal deur die reëls in die beleid vir:

- Nie bywoning van vergadering.
- Vergadering verlaat voordat dit klaar is.
- As 'n komiteelid die vergadering ontwrig: i) nie die voorsitter respekteer

ii) Standaard-reëls verontagsaam

Prosedures vir die oplê van 'n boete of die skorsing van 'n komiteelid moet op die korrekte manier en soos deur die Raad bepaal geskied. Hierdie prosedure moet met die reëls van natuurlike geregtigheid ooreenstem.

PERSOONLIKE GEWIN

3. 'n Komiteelid mag nie enige voordeel trek uit vertroulike inligting bekom deur sy/haar posisie as komiteelid of onbehoorlike voordeel vir 'n derde persoon nie.

- Behalwe met die vooraf toestemming van die Komitee mag 'n lid nie:
 - (a) Deel wees van/voordeel trek uit 'n kontrak vir:
 - (i) die voorsiening van dienste of goedere aan die Munisipaliteit
 - (ii) lede van die komitee mag nie etes tydens vergaderings of funksies voorsien nie.
 - (b) teen betaling voor die Raad verskyn in belang van enige ander persoon
- As meer as 'n ¼ (een kwart) van die lede beswaar maak teen die toestemming sal die aangeleentheid na die Raad verwys word om te besluit.

BELONINGS, GESKENKE EN GUNSTE

4. 'n Komiteelid **mag nie** vra vir of enige beloning, geskenk of guns om:

- (a) op 'n sekere manier te stem oor enige saak voor die komitee nie
- (b) Die komitee te oorreed om nie volgens die reëls te handel nie
- (c) 'n voorlegging aan die Komitee te maak nie of
- (d) Vertroulike of geprivilegieerde inligting bekend te maak nie.

5. Geen komiteelid mag enige vertroulike vertroulike of geprivilegieerde inligting aan enige persoon buite die Komitee bekend maak nie.

ALGEMENE GEDRAG

7. 'n Komiteelid moet:

- Sy/haar werk in goeie trou, eerlikheid en deursigtig doen
- Te alle tye op tree in die beste belang van die gemeenskap en Munisipaliteit
- Hom/haar weerhou van ondermynende optrede teen die Raad of Raadslid
- Hom/haar neerlê by die Standaard Reglement van Orde
- Vergaderings te alle tye in 'n sobere toestand en skaflik geklee bywoon.

VERBREKING VAN DIE GEDRAGSKODE

8.(1) Die Raad mag:

(a) enige beweerde verbreking van die Kode ondersoek en 'n bevinding maak

(b) 'n spesiale komitee saamstel om:

- Ondersoek in te stel na 'n beweerde verbreking van die Kode en 'n bevinding maak
- Gepaste aanbevelings na die Raad te maak.

(2) In dien die Raad of spesiale komitee bevind dat 'n komiteelid 'n voorskrif van dié

Kode verbreek het mag die Raad:

- 'n formele waarskuwing aan die lid gee
- Die komiteelid aanspreek
- Die komiteelid 'n boete oplê
- Die Komiteelid ontslaan.

(3) Enige ondersoek in terme van dié Kode moet voldoen aan die reëls van natuurlike
geregtigheid